

14 November

Skrifgedeelte: Rigters 7:16-22

Fokusgedeelte: Rigters 6:34a; Heidelbergse Kategismus Sondag 20

Wat glo jy van die Heilige Gees?

“Die Gees van die Here het vir Gideon in besit geneem, en hy het die ramshoring geblaas en die Abiësriete opgeroep om hom te volg.”

Ondanks ongehoorsaamheid en afgodsdienste ontferm God Hom oor sy volk en beskik vir hulle 'n rigter in die persoon van Gideon. Gideon is nie dadelik vir God bruikbaar nie. Hy moet eers deur die werking van die Gees tot bekering kom in sy persoonlike lewe (Rigt. 6:1-24) en hervorming in sy gesin en familielewe deurvoer (6:25-32). Dan neem die Gees van die Here vir Gideon in besit om ook die stryd teen God se vyande te voer (6:34). Gideon blaas op die ramshoring en roep die Israeliete op tot die stryd. Uiteindelik staan daar 32 000 manskappe voor hom wat gereed is om oorlog te voer (7:3).

Maar let op hoe die Gees van die Here die stryd deurvoer. Eers word die getal medestryders drasties verminder tot 300 (7:1-8). Hierdie 300 pak die stryd aan teen 'n leër van 135 000 (8:10) met fakkels in hulle linkerhande en ramshorings in hulle regterhande. Hulle het nie nog hande oor om swaarde of ander wapens te hanteer nie. Net met klank en lig verslaan hulle die vyand.

Hierdie geskiedenis vertoon ooreenkoms met Pinkster. 'n Paar honderd gelowiges was op daardie dag bymekaar, en tonge van vuur (lig) en 'n geluid uit die hemel soos 'n geweldige stormwind (klank) was die tekens dat God sy mense deur die Heilige Gees vervul en toerus (Hand. 2:2-4). Hierdie mense word die kerk van Jesus Christus wat tot vandag toe deur die Gees in die onstuitbare voortgang van God se koninkryk hier op aarde gebruik word.

As jy bely dat die Gees van God die Vader en die Seun ook aan jou gegee is, is jy deel van God se strydbare kerk. Staan dan gereed om ook vandag weer die lig van jou gelowige lewe te laat skyn en die klank van jou getuigenis te laat hoor. Al lyk die getalle van die mense wat dit doen, dalk klein, deur die eeue is dit duidelik dat die Gees van God magtig is om juis in sulke “swakheid” God se krag te volbring.

Sing: Skrifberyming 14-3:2, 4

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)